**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
Pleinstr., Stellenbosch
Vir
- Deftige Mansklerasie
- Rakette
- Northampton Mansskoene

# DIE Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU [illegible] in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

DEEL III, No. 15 VRYDAG, 18 JUNIE 1943 PRYS 1d.

## Die Messias op Stellenbosch

### Herr Endler en sy Koor

Hierdie beroemde oratorium deur George Frederic Händel (1685 — 1759) word vanaand deur Hans Endler alhier op die planke gebring, en môreaand wel in Kaapstad.

Die geskiedenis van die Oratoria begin met die werk van Cavalieri in 1600. Händel ontwikkel die Oratoria tot in hoë kunsvorm. Die „Messias" is geskryf in 1751 tydens Händel se verblyf in Engeland. Die libretto van Charles Jemens is gebruik om die musiek op te bou. Die werk is voltooi binne veertien dae, beslis 'n bowemenslike prestasie. Die eerste uitvoering is in Dublin vir liefdadigheidsdoeleindes gegee. Na die eerste uitvoering het Händel baie veranderings aan die musiek gemaak, en die werk is eers in 1767 in die huidige vorm gepubliseer.

Ondersteun asseblief hierdie grootse onderneming, studente van Stellenbosch!

## Studiebeurse

Die B-Fonds van die Helpmekaarvereniging in Kaapland is nou in staat om lenings aan gevorderde studente toe te staan, d.w.s. studente wat reeds die eerste jaar van die universiteitskursus agter die rug het. Voorkeur sal verleen word aan studente wat 'n kursus in medisyne of die ingenieurswese wil neem. Aansoekvorms en besonderhede is verkrygbaar by die Vereniging se kantoor, Kamer 903, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

Twee oudmaties, C. Heunis en Charlie Schabort, het verlede Saterdag saam met die Maraisburgrugbyspan Stellenbosch besoek. Mnr. Schabort was in 1926 Maties se dirigent. Albei gee onderwys op Maraisburg.

„Flora"
is die
**NuweBlommewinkel**
in die
**OU C.S.V.-BOEKHANDEL**
**van Ryneveldstraat**
waar die
Beste Ruikers
Geskenkmandjies
Skouerruikers
Kranse
Potplante
ens.
verkrygbaar is

# POTCHEFSTROOM ROEP DIE A.N.S.!

## Voorbereidings vir Tiende A.N.S.-Kongres

### Hoë Verwagtings Gekoester

(Van 'n Korrespondent)

**Potchefstroom, Vrydag, 4 Junie. Soos die A.N.S. in 1933 op Potchefstroom onder die wolkelose Transvaalse hemel gebore is, so is dit passend dat hy vanjaar sy tienjarige bestaan met 'n grootse Kongres weer op Potchefstroom sal vier.**

**Die A.N.S.-tak van die P.U.K., in medewerking met dié van die Potchefstroomse Onderwyserskollege, stel dan ook op die oombilk alle pogings in die werk om hierdie Dekade-Kongres die mees grootse en kleurryke in die geskiedenis van die Bond te maak.**

Afgesien van die groot taak wat die Kongres homself stel in die keuse van sy onderwerp vir studie, gaan die 1943-Kongres ook meer as ooit tevore die geleentheid bied vir 'n gesellige vind-mekaar van studente verteenwoordigende alle Afrikaanse inrigtings vir hoër onderwys. Vanjaar word die Kongres ontvang deur die P.U.K. en vind die verrigtings plaas in die mooi Hoofgebou en aantreklike gronde van die Kollege. 'n Aantreklike en gesellige program vanaf Saterdag tot en met Woensdag, die 7e Julie, waarborg dat kongresgangers nie alleen die volste geleentheid sal hê vir sosiale omgang nie maar ook die eenheidsband tussen alle studente van die Afrikaanse volksbeweging opnuut sal versterk.

### Ds. Kosie Oosthuizen.†

**„Die Matie" wil hiermee sy diepste meegevoel betuig in die afsterwe van ds. Kosie Oosthuizen op Du Plooysburg, sy eerste eie gemeente. In die studente-gemeenskap van 'n paar jaar gelede was hy alombekend nie net deur sy konserte saam met die Boer-orkes nie, maar deur sy vriendelikheid en innemende geaardheid.**

**Die Alma Mater het nog 'n seun verloor!**

### LEIERS EN VOORMALIGE LEIERS

**Miskien die belangrikste feit in hierdie verband is dat byna al die voormalige leiers en hoofbestuurslede van die A.N.S.—manne wat vandag op alle gebiede van die volkslewe leidende rolle speel — teenwoordig sal wees om die bande van die verlede en die hede weer saam te trek en die Afrikaanse studentebeweging in sy opmars opnuut te inspireer en te versterk. Ek dink hier aan mense soos dr. N. Diederichs, dr. P. J. Meyer, mnr. Anton Rupert, mnr. J. H. Coetzee, mnr. J. F. W. Haak, mnr. Fritz Steyn, mnr. J. van Wyk de Vries, mnr. D. G. Malan — almal baanbrekers in die stryd van die A.N.S. — om net enkele name te noem.**

'n Eereplek op die Kongres sal in hul afwesigheid seer seker afgestaan word aan ds. D. C. S. van der Merwe, voormalige Uniale Leier, en mnr. A. A. Stulting, in 1941 Noordelike Leier, wat albei weens Empire-vervolging tydelik uit die strydterrein weggeruk is.

### DOSENTE?!

Verder hoop die Uniale Bestuur dat die Kongres ook vereer sal word met die teenwoordigheid van die groot aantal dosente van die verskillende hoër onderwysinrigtings wat óf self lede was van die A.N.S. óf in die verlede nog altyd ywerig en getrou saamgestaan het in die stryd van die Bond.

Onteenseglik gaan hierdie Tiende Kongres die magtigste sametrekking wees van akademiese kragte wat die Afrikaanse volksbeweging nog geken het!

### DIE PRESIDENT

Die program van toesprake en referate is besonder aantreklik saamgestel en werk op na die klimaks van Dinsdagaand, wanneer die Ere-president van die A.N.S., dr. Hans van Rensburg, feestelik ontvang word en sy bydrae lewer oor die onderwerp: **Arbeidsdiens en Diensplig**—vir Jong Suid-Afrika een van die interessantste aspekte van die arbeidskwessie, en een waaroor niemand in ons land meer inspirerend en met meer gesag kan praat as juis die Erepresident nie.

**Potchefstroom roep alle geledere van die A.N.S.! Dis u plig om vanaf 3 tot 7 Julie u gewig in te gooi by die grootse laertrekking van die marsjerende studentejeug van die Afrikanerdom!!**

## LAASTE UITGAWE

**Hierdie uitgawe van „Die Matie" is die laaste wat dié semester sal verskyn.**

**Op die eerste Vrydag na die afloop van die Universiteitsvakansie sal die gereelde publikasie weer hervat word.**

## Lesing oor Kunswaardering

### Dr. Fransie voor U.S. Debatsvereniging

Saterdagaand om 7.30 hou dr. F. E. J. Malherbe 'n lesing oor die onderwerp: „Hoe om na Skilderye te kyk." Die lesing sal opgehelder word deur ligbeelde.

**Hierdie onderwerp is by die meeste studente miskien werklik 'n groot vraagteken(?) en geeneen behoort afwesig te wees nie.** Die vergadering word gehou in die Annexe.

## Die Bantoe en Westerse Beskawing

### Lesing voor Bantoestudiekring

Mnr. J. L. Pretorius, hoof van die Normaalskool, Nyasaland, het Donderdagaand 'n interessante lesing gegee i.v.m. Naturelle-Opvoeding. Hy het die feit beklemtoon dat naturelle-onderwys daarop gemik moet wees om die naturel voor te berei om die Westerse beskawing as geheel te waardeer en hom sodoende te help om sy eie kultuur bêter te verstaan. Die blanke verarm hulself deur net die materiële kultuur aan die naturel te gee. Spreker het verder gewys op die gebruik wat onderwysers in die leerplan moet maak van simboliek, asook van die gewoontes van naturelle in krale. Godsdiensonderrig is nodig en wel 'n deeglike kennis van die Bybel. Dit is nodig om algaande die naturel te raadpleeg, „Wysheid is raadhou."

Ten slotte het spreker verklaar dat ons as blankes sal moet onthou dat 'n voogd iemand is wat die plek van 'n vader inneem en dus simpatiek moet wees en tog indien nodig tug uitoefen, m.a.w. daar is behoefte aan „simpatieke strengheid."

*Maties!*
**Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.**
DIE
**Voortrekker-Apteek**
**Andringastraat, Stellenbosch**

Victoria Kafee
EN BILJARTSALON
*Nou onder die persoonlike bestuur van Mnr. en Mev. P. P. du PLESSIS.*
PLEINSTRAAT

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,

KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**INSPAN!**

*Waar gaan dit?*

**Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in**

**DIE UITSPAN**

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**

Foon 0013.

*EAGLE SQUADRON*

ROBERT STACK

DIANA BARRYMORE

*Vrydag en Saterdag,*

*18 en 19 Junie*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

Maandagmiddag het mej. Johnson 'n Ritmiese-gimnastiek-uitvoering in die Gimnasium gegee, met die Renish skoolkinders. Mevv. Postma, Wieffering en Kelder was ook teenwoordig.

## DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 18 Junie 1943. No. 15.

## A.N.S.-DIE SPEERPUNT

Die A.N.S. is die fris, jong,lewenskragtige jeugbeweging van die Afrikanervolk . Dit is ons vurige wens en ons vaste vertroue dat alle frisse en lewenskragtige jong Afrikaners, tot 'n magtige en moontlikheid-ryke eenheid binne die A.N.S. saamgesnoer sal word. Dan sal ons volk yoorwaar gelukkig wees in sy georganiseerde en gedissiplineerde voorhoede!

Die A.N.S. is nasionaal.

Hierdie is die een magtige hoeksteen waarop die A.N.S. rus. Die A.N.S. het die begrip „nasionaal" ontwikkel tot volledige en glansryke rypheid en volheid. In die ontstaansjare van die A.N.S. het die bond 'n behoudende en verdedigende nasionaal-kulturele strewe geken en bely as teenwig teen die aanvallende onnasionalisme van N.U.S.A.S. Uit hierdie verdedigingsfase het die A.N.S. met vliegende vaandels getree.

Nadat hy homself teen die N.U.S.A.S. - organisasie gehandhaaf het, het die A.N.S. die stryd aangeknoop teen die N.U.S.A.S.-idee. Die groot stryd van die A.N.S. teen die Liberalisme het 'n aanvang geneem. En vandag nog duur die stryd onverpoosd voort. Teenoor die N.U.S.A.S.-idee het die bond die A.N.S.-idee helder en duidelik geformuleer. En hierdie formuleringsproses duur ook nog voort.

Teenoor die internasionale liberalisme van N.U.S.A.S. het die A.N.S. die Calvinistiese gedagte van organiese nasionalisme gestel. Die idee van die apartheid van volke is eerstens beklemtoon en daarby is gewys op die ingebore reg van die Afrikanervolk om homself te wees in sy eie land. Nadat hierdie gedagte stewig vasgelê is, het A.N.S. 'n stap verder gegaan en beweer dat organiese nasionalisme die plig inhou om die hele volk tot een lotsgemeenskap saam te snoer. In die aanvaarding van hierdie plig het die A.N.S. die volksbewegingsgedagte ge-eien en uitgebou.

Hiermee het die nasionalisme van A.N.S. tot volledige ontplooiing gekom. Dit het gekulmineer in die strewe na 'n volksbeweging, wat 'n organiese volk, 'n Afrikaanse lotsgemeenskap, sou daarstel.

Dit is die vrug wat die A.N.S. na 'n tienjarige bestaan afgewerp het. Met diepe piëteit wil ons God dank vir die A.N.S. Die A.N.S. se stryd is nog egter lang nie be-eindig nie. Net maar 'n fase in sy bestaan is afgesluit. Die nood van die tye dwing die A.N.S. om dadelik oor te gaan tot die formulering van nuwe gedagtes.

En ook hierdie taak het die A.N.S. sonder versuim aanvaar. Wat moet die aard wees van die gegewe Afrikaanse lotsgemeenskap? Dit is die vraag wat A.N.S. op sy feeskongres, wat in Julie 1943, op Potchefstroom staan gehou te word, sal beantwoord. In breë trekke sal die antwoord lui dat dit 'n arbeidende lotsgemeenskap moet wees. Volle duidelikheid en helderheid oor die saak sal in die eersvolgende maande verskaf word. Dit is egter reeds duidelik dat 'n sosiale bewustheid die ander hoeksteen is waarop die A.N.S. rus.

So ontwikkel en leef die A.N.S. — die speerpunt van die Afrikaanse Rewolusie van die Twintigste Eeu.

---

Mej. Y. Castelyn is Maandag na die hospitaal vir aansteeklike siektes vir witseerkeel, vervoer.

# *Die Oorlog*

## DIE ARGENTYNSE RAAISEL

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

**Deur Prof. J. A. Wiid**

Daar is min state in die wêreld wat in die huidige oorlog nog neutraal is hoewel opsegging van neutraliteit nog lank nie aktiewe oorlogvoering beteken nie. Selfs in die afgeleë Suid-Amerika het die een na die ander staat sy neutraliteit opgesê. Daarvoor het die Dollar-imperialisme van die V.S.A. gesorg. Slegs een Amerikaanse staat, nl. die belangrike republiek van Argentinië het tot dusver daarin geslaag om sy neutraliteit te handhaaf. Dit was geen gemaklike taak nie, want reeds lang is daar geweldige „Al-Amerikaanse" druk op die Argentynse regering uitgeoefen. In Januarie 1942 was daar b.v. tydens die Al-Amerikaanse konferensie in Rio de Janeiro kragdadige pogings aangewend om 'n breuk tussen Argentinië en die Spilmoondhede te bewerkstellig. Daarop het die Argentynse president, Castillo, die volgende verklaring afgelê: „Ons het van die begin af gesê en ons het te alle tye volgehou dat Argentinië nòg tot oorlog nòg tot 'n breuk sal oorgaan."

### 'n Argentynse Krisis

Toe daar op 4 Junie 'n geslaagde revolusie in die Argentynse hoofstad uitgebreek het en Castillo genoodsaak is om as president te bedank, het die Geallieerdes hierdie revolusie vertolk as 'n pro-demokratiese beweging wat veroorsaak is deur 'n sterk gevoel teen die regering se diktatoriale metodes en sy neutraliteitsbeleid. Die vreugde oor die nuwe bekeerling was egter van korte duur. Een van die eerste stappe wat die nuwe president, genl. Rawson, gedoen het, was teen die kommuniste. Die staatsgreep in Argentinië is egter spoedig opgevolg deur nog 'n regeringsverandering, waardeur Rawson die bewind aan genl. Ramirez oorgegee het. Teen die nuwe president, wat sy opleiding in Duitsland ontvang het, is daar in Geallieerde kringe „sterk bedenkings" gelug. Ook sou hy „nie veel van 'n demokraat" wees nie. Wat in Geallieerde kringe waarskynlik ook tot nadenking gestem het, is die feit dat lande soos Duitsland, Italië en Spanje onder die eerstes was wat die Ramirez-regering erken het. Erkenning deur die V.S.A. en Brittanje het eers later gevolg.

### Revolusie nie pro-Geallieerd

Uit die karige berigte oor Argentinië wat Reuter ons verstrek, is dit duidelik dat die Ramirez-revolusie nie 'n pro-demokratiese gebaar is nie. Volgens die Argentynse skrywer wat die Onspaanse naam van Max Dickmann dra, het die jongste revolusionêre gebeurtenisse 'n „heeltemal reaksionêre verloop" geneem. Die daarstelling van 'n volkome militaristiese diktatuur, is volgens Dickmann „te volmaak teweeggebring om as 'n bona fide opstand van demokratiese pro-Geallieerde faksies voorgestel te word." Ook „ondemokratiese dade" van die Ramirez-regering soos die verbod op die kommunistiese blad La Hora en die algemene optrede teen die kommunisme, plus die ontbinding van die parlement lyk nie soos pro-demokratiese dade nie. Aldus die Argentynse skrywer, Max Dickmann, wat op die oomblik in die V.S.A. vertoef.

Volgens 'n verklaring van Ramirez self sal die beleid van sy regering teenoor die res van die wêreld neutraal wees en sal dit geen buitelandse inmenging duld nie. Hierdie verklaring moet vir Washington 'n teleurstelling wees. As United Press verder berig dat Argentynse troepe die kantore van die nasionale rubberkommissie en dié van die Michelin- buiteband-maatskappy beset het sonder om enige verduideliking te verskaf, dan wonder 'n mens of agter hierdie Argentynse optrede nie ook ietwat anti-dollar sentiment steek nie.

### Binnelandse Wanpraktyke die Oorsaak van Revolusie?

Dit is onmoontlik om op hierdie stadium vas te stel of die Argentynse revolusie enige buitelandse reperkussies sal hê. Dit is egter bekend dat daar in alle Suid-Amerikaanse state bevolkingselemente is wat in die dollar-imperialisme 'n nasionale gevaar sien en wat 'n militêre nederlaag vir Washington en Londen verlang. In hoeverre hierdie anti-Washingtonse elemente in Argentinië vir die jongste revolusie verantwoordelik gehou kan word, is nie duidelik nie. Waarskynlik is dit dat die oorsake van die revolusie in suiwer binnelandse aangeleenthede gesoek moet word. Dit lyk of die ekonomiese ontwrigting, wat in die huidige oorlog sy oorsprong het, ook in die natuurlik-ryke Argentinië 'n fermer optrede van regeringsweë noodsaaklik gemaak het. Vandaar dat die nuwe regering ook sy voorneme bekend gemaak het „om bedrog en korrupsie by die provinsiale en federale regerings die nek in te slaan en van hulle ordentlike staatsinstellings te maak."

Die reaksies in die demokratiese V.S.A. op hierdie ondemokratiese beleid in Argentinië sal interessant wees. Op die oomblik kan die Argentynse revolusie nie veel geesdrif in Washington wek nie. Die aanvanklike vreugde in Washington en Londen was ietwat voorbarig.

---

## Tiende Uniale Kongres.

PROGRAM VAN TOESPRAKE EN REFERATE

**Potchefstroom, Saterdag, 3 Julie, tot Woensdag, 7 Julie 1943.**

**Kongres-onderwerp:**

**DIE VOLKSBEWEGING EN ARBEID.**

**Saterdag, 3 Julie.**

2 n.m. — **Openingsrede: Uniale Leier, MNR. J. POSTMA.**

**Die Eerste Dekade: Oudlede van A.N.S.-Hoofbestuur.**

4 n.m.—**Die Arbeid en die Volk:**

DR. N. DIEDERICHS (Leier R.D.B.).

**Maandag, 5 Julie.**

9 v.m.—**Beroepsarbeid en Volksversekering:** DR. D. G. FRANZSEN (U.S.).

7.30 n.m. — **Die Arbeid van die Vrou:** PROF. DR. G. CRONJÉ (U.P.).

**Dinsdag, 6 Julie.**

9 v.m. — **Die Arbeidsopleiding van die Jeug:** MNR. S. PAUW (U.P.).

7.30 n.m. — **Ontvangs van Ere-president.**

**Arbeidsdiens en Diensplig:** DR. J. F. J. VAN RENSBURG.

9.30 n.m. — **Ampsaanvaarding Uniale Leier 1943 — 44.**

**Rook Springbok-Sigarette**

# Onderrig in die Moeder-Taal

Nog geen twintig jaar gelede is dit dat Afrikaans sy volle bestaansreg as landstaal naas Engels verkry het nie, dat hy in skool, in hof of publieke diens ewe vry as Engels kon gebruik word, of daar word gekla oor die enkelmedium skole. Deur moedertaalopleiding word die konstitusie van ons land dan in sy gees geskend. Leerlinge sou dan nie tweetalig genoeg wees om die ander taalseksie te verstaan en met hulle te meng nie. (Die Argus, en min. Hofmeyer in die Parlement).

Daar kan met reg van nagenoeg elke Afrikaner wat begerig of gedwonge is om hom met die ander seksie te meng, gesê word dat hy behoorlik tweetalig is. In die publieke diens, in die onderwys, in die leër vind ons veel meer eentalige Engelse as Afrikaners.

Ons weet dat die voorspoed en toekoms van ons land berus op die basis van gesonde samewerking tussen die twee taalseksies. Maar ons glo in die reg en noodwendigheid van 'n aparte Afrikanernasie met 'n eie taal en kultuur en 'n eie roeping in Suid-Afrika. Daarom leer ons ook Engels, praat Afrikaners Engels in die staatsdiens, in besighede, omdat daar noodwendig 'n gedurige kontak en ineenloping van belange is. Eentalige Afrikaners in stede is weinig. Op die platteland is die omgewing gewoonlik meer uniform en is dit anders.

Dit beteken dat ons enkelmediumskole waar onderwys in die moedertaal ontvang word nie die blaam mag kry nie. Waarom lewer die een seksie dan voldoende bewys van tweetaligheid?

# Teken in op ‚Die Matie'

● Teken in op „Die Matie!" laat dit die vakansie-leuse wees van al ons A.N.S.-lede.

● Van elkeen van u word verwag om tenminste één intekenaar van u eie distrik te werf en so die „Stem van Jong Suid-Afrika" deur die land te stuur.

● Doen u plig want dis u eie oortuiging wat in „Die Matie" vertolk word!

● Werf 'n intekenaar en hou lekker vakansie!

# Die Vernuftige Man Sê:

In antwoord op die paar wenkies wat die Vernuftige Dame so'n week of twee gelede i.s. die mans aan die hand gedoen het, wil ek graag so'n paar noodsaaklikhede omtrent die dames beklemtoon:

● (1) Dat dames stiptelik die tye van hulle bestellings moet handhaaf— dit ruïneer die mans se senuwees om so lank in die voorportaal rond te trap!

● (2) Dat dames tenminste ook as studente billik kan wees en 'n deel van die onkoste van 'n fliek of konsert met hulle vriend deel — af en toe! Dit sal baie help dat mans nie so baie platsak is, en moet geld leen nie!

● (3) Dat dames (altans 'n klein „sommige") tog op hulle grimmering moet let en dit matiger aanwend — om velerlei redes!

● (4) Dit is nou nie genoem as synde 'n proses van „ou koeie uit die sloot grawe" nie, maar omdat ons graag mekaar wil verstaan en 'n gees van kameraadskap onder ons studente wil aankweek.

● (5) Dames neem hierdie dinge ter harte! — nie as felle „slegsê"-kritiek nie, maar as van BROER tot SUSTER, 'n goeie raad!

# Musiekvereniging

*Sondagaand, 8 n.m.*

Vir diegene wat die opvoering van „Aida" verlede jaar in Kaapstad bygewoon het, sal dit 'n aangename verrassing wees om te weet dat ons Sondagaand dele uit daardie opera gaan speel.

„Aida" is een van Verdi se grootste werke. Soos 'n Engelse skrywer gesê het: „It is true Grand Opera, written on a big scale, yet as glowing and melodious as any of the earlier operas."

Toe Verdi „Aida" gekomponeer het, was dit met die „nuwe" musiek van Wagner nog in sy ore. Maar dit moet nie vir een oomblik gedink word dat „Aida" 'n oefening was in Wagner-tegniek nie. Die musiek van die Duitse komponis het net 'n betreklike dormante aspek in Verdi se genie laat ontwaak en so ryper styl net 'n verder kleurrykheid gegee, sonder dat hy iets van sy individualiteit verloor het.

Die Khedive van Egipte het Verdi gevra om 'n opera te skryf vir die opening van sy nuwe operahuis in Kairo. Die eerste opvoering het plaasgevind op die 24ste Desember 1871. Verdi self was nie teenwoordig nie, aangesien hy te bang was om oor die water na Kairo te gaan. Die eerste opvoering in Milan was 'n groot sukses. Na die opvoering is Verdi veertig keer terug geroep om te verskyn voor die gordyn.

Verdi is ere-lid gemaak van die Milan Conservatoire, 'n ironiese feit, want jare tevore het dieselfde conservatoire hom toegang van die hand gewys op grond van die feit dat hy nie genoeg talent getoon het nie.

U hoor „Celest Aida" gesing deur Martinelli, die Nyl-duette gesing deur Rethberg en de Luca, „O terra Addio" gesing deur Martinelli en Ponselle en ook nog bekende ander arias.

*J. Steyn.*

# Lemoen-depot op Stellenbosch

## Voorgnome Skema van Sitrus-beurs

Op navraag van die A.N.S.-tak van Stellenbosch na die moontlikheid van 'n lemoen-dêpot op Stellenbosch waardeur die studente lemoene goedkoop sal kan bekom, het die Sitrusbeurs te kenne gegee dat hulle moontlik eersdaags so 'n skema sal organiseer.

Dat dit wel geopen sal word is nog nie baie seker nie, maar dit sal seker 'n groot bate wees vir die Maties insoverre hulle lemoene en sitrussoorte goedkoop sal kan kry en ook vir die Sitrus-beurs in die algemeen deur die skepping van 'n nuwe afsetgebied.

Darters
Pleinstraat, Stellenbosch
Vir waarde in
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Kunsmateriaal

# Onder Onsies

Mej. M. Dempers het verlede week haar verlowing met mnr. Christie Slabbert bekend gemaak. Laasgenoemde gee tans onderwys aan Swartruggens Hoërskool.

* * *

Mej. Sussie Jooste het Sondagaand 'n fietsongeluk gehad. Sy is taamlik ernstig beseer, en verkeer tans nog in die bed.

## OOM KALIE

**Hiermee wil die Maties van u afskeid neem en ons u dank oordra vir wat u vir ons was as Dosent, Normaalklasleier, Predikant maar boweal as VRIEND.**

**Mag u werk in die gemeente van Swartland net so vrugbaar en gelukkig wees soos hier, — ons sê weer „ons verlies is 'hulle wins!"**

Mej. Rae Walker wat teenswoordig Liggaamsoefening gee te Queenstown is terug op Stellenbosch om 'n hereksamen te doen.

* * *

Mnr. Jannie Combrink, wat Sondagmiddag sy proefpreek gelewer het, het Dinsdagaand saam met 'n aantal vriende sy verjaarsdag aan huis gevier. Ten spyte van die lang studie en vele ervarings is oom Jannie ene entoesiasme vir die herderlike arbeid.

Alfred Blommaert,
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

HALDENWANG
●
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
●
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.
●
(Foon 135)

Dames!
Alles wat u nodig het, is teen die billikste pryse en met vriendelike bediening te kry by
DIE KAROO-BAKEN-DAMESUITRUSTERS
Eienaar: H. J. A. SMIT (Bakos)
Birdstraat 33, Teenoor Die Braak
STELLENBOSCH

ALLEEN Pakke Klere met die Hand gemaak kan u die ONDERSKEIDING gee waarna u verlang.
Dit is KLERE gemaak deur
Jac. J. du Toit en Kie.
Pleinstraat,
STELLENBOSCH.
●
Ons spesialiseer in MANELPAKKE en TOGAS vir Predikante.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE KWV DRUIWESAP
Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum

AVBOB
116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000
●
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN
●
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Maak Kennis met die Nuwe Volkspele
Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."
Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.
Prys 4/3 posvry
Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

ONDERSTEUN DIE MATIE.

Rook Springbok-Sigarette

# Liberalisme, Metodisme „Tweelingbroers"

## Lesing voor Calvinistiese Bond

Op 'n onlangse vergadering van hierdie vereniging het ds. T. N. Hanekom 'n weldeurdagte rede gelewer oor twee baie aktuele strominge in die moderne wêreld, en aangetoon watter onloënbare beginsels hierdie skynbaar onversoenbare denkrigtinge saambind.

Die Liberalisme is daardie denkrigting waarin die sondige onwedergebore mens sy selfgenoegsaamheid teenoor God en sy Woord geproklameer het. Reeds in hierdie opsig is daar verwantskap tussen die Liberalisme en die Metodisme, alhoewel l.g. nie sover gegaan het as die Liberalisme nie. Die Heilige Skrif alleen is nie voldoende of genoegsaam nie. Derhalwe kan so 'n eksponent van die Metodisme as Wesley sê: „We use common sense and Holy Scripture."

Hierdie verband is ook histories te verklaar uit die feit dat beide hierdie rigtings opgekom het uit die Deïsme van die 18de eeu in Engeland. Die Metodisme was 'n *reaksie* teen die gees en gevolge van die Deïsme, maar het die grondstruktuur daarvan nooit oorwin nie. Gevolglik kon dit die Liberalisme wat 'n direkte uitvloeisel van die Deïsme is, later in die praktyk van die godsdienstige lewe weer ontmoet as 'n tweelingbroer wat, hoewel hulle nie baie na mekaar *lyk* nie, tog baie met mekaar gemeenskaplik het.

So b.v. merk ons op dat t.o.v. die kerk en dogma-waardering die Liberalisme dogma-*vyandig* is, terwyl die Metodisme slegs *onverskillig* staan. In hierdie verband het albei 'n opvallend duidelike deurwerking van die indiwidualisme en selfverheffing wat die humanisme kenmerk en die gevolglike breek beteken met die algenoegsaamheid van God en die absolute, onfeilbare gesag van sy Woord.

Op hierdie stadium het spreker treffende voorbeelde aangetoon uit die kerkgeskiedenis insonderheid dié van Suid-Afrika. Aanvanklik het sekere teoloë die Modernisme van die vorige eeu beveg, maar vanweë hul Metodistiese uitgangspunt sodanig verslap dat hul spoedig 'n openlike apologie aan die Liberalistiese modernisme aangeteken het. Gevolglik word in geskrifte van hierdie persone, ná die versoening met die moderne ongeloof, leergeskille definitief vermy deur 'n gematigde boodskap van liefde, vrede en eenheid in Christus bokant geloofsverdeeldheid.

Ten slotte het spreker aangetoon dat die geskiedenis die beginsel openbaar dat Metodisme én Liberalisme *antitetjes teenoor die Gereformeerde Godsbegrip staan.* Afgesien van oënskynlike onversoenbaarheid kom beide weer by dieselfde modernistiese uitgangspunt uit. *Gevolglik kan ons verseker wees dat in die stryd van ons Kerk teen die Liberalisme en modernisme die Metodiste geen bate vir die Gereformeerdes sal wees nie, maar eerder 'n oorsaak van grote struikeling.*

Vroeg Dinsdagmôre het mej. Lititia Vosloo, van Sonop en mnr. Danie Rabie bo in die Park verloof geraak, tot die verrassing van almal.

# Sport

## DAMESHOKKIE

In 'n stortbui reën verlede Saterdag het die eerste dameshokkiespan weereens hul kragte teen die gedugte Westelike Provinsie-klubspan gemeet. Voor die rustyd was die telling twee doele vir W.P. en een vir die Maties. Na rustyd het die W.P.-span nog twee doele geskiet terwyl die Maties die keer maar slegs een kon inkry. Die uitslag was dus vier doele teen twee ten gunste van W.P.

Die eerste-reserwespan het ook teen die reserwespan van die Westelike Provinsie in die modder die onderspit moes delf. Die W.P. het hier met drie doele teen nul gewen.

## VOETBAL

### Ons Spanne se Kanse Môre

Voordat ons tot 'n bespreking van die spanne se kanse môre oorgaan, wil ons net van hierdie geleentheid gebruik maak om ons 1B-span van harte geluk te wens met hulle prestasie verlede Saterdag, toe hulle die stoutste verwagtings oortref het deur gelykop teen die gedugte eerstespan van Tuine te speel. Ofskoon die veld druipnat was, het die Matiespan tog nog daarin geslaag om die spel aanskoulik te maak deur die bal baie rond te gooi.

Ons eerstespan was egter minder gelukkig en het 'n goeie loesing op die lyf geloop van Paarl, wat sover nog net die een wedstryd teen die Maties verlede Saterdag gewen het. Soos ons verneem, het hulle heeltemal 'n verkeerde taktiek gevolg in die nat-weer, en het in plaas van die voorspelers te laat stormloop en die agterspelers te laat skop, probeer om met die agterlyn punte aan te teken.

Môre speel die eerste vyftiental van die Maties teen nog 'n span wat 'n baie lae plek op die puntelys beklee, en ons hoop dat hulle met die nodige koördinasie van spel en aanpassing aan omstandighede hierdie keer daarin sal slaag om te vergoed vir hulle nederlaag verlede Saterdag.

Die nederlaag verlede Saterdag het weliswaar baie onverwags gewees, maar ons meen tog nog dat die Matiespan tot groot dinge in staat is as hulle net wil. As hulle môre met Kuilsrivier-Maitland aanmekaar spring sal hulle moet onthou dat hulle dit met 'n span te doen kry wat elke week verbeter en miskien nog menige span hierdie seisoen gaan verras. Daar sal van die begin tot die einde elke bietjie krag en poging in die skaal gegooi moet word as die Maties wil seker maak van 'n oorwinning.

Roos is 'n goeie haker en sal seker die bal genoeg kry om die Gekombineerdes in staat te stel om 'n paar keer te beweeg. Massyn en Vosloo is twee goeie vleuels wat nie op hulle sal laat wag as daar 'n kans is om punte aan te teken nie.

Onder die voorspelers is dit Kellerman, Vlok en Borman (Kapt.) wat die Maties goed in die los sal opdreun, en in die lynstane sal Lochner en Meyer vir die bal spring.

Ons verwag egter dat die Maties se sterk agterlyn, as dit 'n droë dag is, in staat sal wees om sake in hul guns te beklink. Die voorspelers sal ook nooit die agterlyn in die steek laat nie, en manne soos Flip Slabber, Snyman, van Blerk en Michau sal sorg dat hul meer as hul regmatige aandeel in alle vertakkings van die spel doen.

Ons wil dus die stoutmoedigheid neem om andermaal vir die Maties se 1A-span 'n oorwinning te voorspel.

Almal se aandag sal egter seker toegespits wees op die wedstryd tussen ons B-span en Groote Schuur. Nadat hierdie spannetjie op so'n verrassende wyse daarin geslaag het om die rugbykampioene van die W.P. van verlede jaar 'n punt te laat prysgee, twyfel ons nie daaraan dat hulle hul môre ook weer terdeë sal laat geld nie. Die Maties het Saterdag getoon waartoe hul in staat is, en Groote Schuur sal stukke beter moet speel as die geval teen Tuine en Bellville was, as hul nie miskien die loef afgesteek wil wees deur die Maties se B-span nie.

Ofskoon Groote Schuur weer die meeste seggenskap in die lynstane en vaste skrums sal hê, want Billy te Water is 'n goeie haker, en de Jongh, van Rensburg en Stephan verrig reusewerk in die lynstane, sal die B-span hulle daarop toespits om hul teenstanders in die losspel te uitoorlê. Venter, de Villiers, van Schalkwyk en Bredell speel gewoonlik soos trojane en sal veral ook vir Groote Schuur goed opkeil in die lynstane. Met 'n agtermekaar agterlyn soos die Maties, kan ons enigiets verwag, maar ons dink darem dat Groote Schuur as gevolg van hulle groter ondervinding en deursettingsvermoë net daarin sal slaag om die pyp te rook.

Die wedstryd vind op Coetzenburg plaas, en kan as 'n gepaste afsluiting hier van 'n goedgeslaagde eerste helfte van die rugbyseisoen binne die Wes-Kaaplandse Rugbybond beskou word.

### *So het hy gesê:—*

**„Ek is 'n Afrikaner!" het die Hugenoot Bibault in 1705 gesê toe hy onskuldig in 'n saak aangekla gestaan het. Hy was die eerste wat hierdie woorde gebruik het en in sy ore voel bruis het die heilige trots van eie nasieskap.**

## MONDIGWORDINGS

Verlede Dinsdagaand het mej. Dolfie Solms haar mondigwording gevier by wyse van 'n gesellige partytjie alwaar sy 'n hele aantal van haar vriende onthaal het.

* * *

In die afgelope week het daar nog verskeie ander Maties die „silwer sleutel" ontvang en „Die Matie" wens hulle alle sukses toe!

## STOEI

Verlede Vrydagaand was dit Liebeekpark se beurt om te swig voor die gedugte Matie stoeispan en moes hulle die nederlaag met 4 gevegte teen 3 ly, nieteenstaande die feit dat U.S. twee gevegte moes prysgee weens oorgewig.

Marinus het soos gewoonlik weer 'n mooi vertoning gelewer en het sy teenstander met spalkgrepe betaki en hom 2 valle besorg. Maas, die Matie kaptein, het na lang afwesigheid weens 'n besering wat hy voetbal opgedoen het weer in die kryt geklim en sy opponent in die skaduwee gestel met 'n pragtige vertoning. Die enigste Matie wat 'n harde taak gehad het was Jooste (S.-A. Veergewigkampioen 1939) wat teen Harding (S.-A. verteenwoordiger op die Rykspele) moes veg. In hierdie skitterende geveg moes Harding alles uithaal om Jooste op 'n paar punte te wen.

Hoewel van der Merwe verplig was om in die liggewigafdeling te stoei, omdat hy oorgewig was, het hy met 2 valle gewen.

Die uitslae is as volg (U.S. eerste genoem): —

*Kapok:* Haasbroek verloor teen Mackay op punte.

*Liggewig:* Van der Merwe klop Celliers met 2 valle.

*Welter:* Marinus klop La Grange met 2 valle.

*Middel:* Jooste verloor teen Harding op punte.

*Ligswaar:* Maas klop Crouse met 2 valle.

*Swaar:* Gouws klop du Preez met 2 valle.

In 'n onoffisiële geveg klop N... (U.S.) vir Terblanche met 2 valle.

Onthou dat daar vanaand 'n toernooi teen Maccahi plaasvind in die H.J.S. saal. U kan nie bekostig om weg te bly van die plek waar die Maccahi-Jode tot Weense worstelwerk sal word nie!

Ds. S. J. Stander, 'n Oud-Matie uit-toeka-se-dae, is onlangs bevorder tot hoof van die Noodhulpdiens. Die Matie wil langs hierdie weg die dominee baie hartlike gelukwense met die groot onderskeiding wat hom te beurt geval het. Ons spreek die hoop uit dat hy nog lank gespaar sal bly om met krag en ywer hierdie belangrike volksdiens te verrig naas sy veelvuldige gemeentelike werksaamhede.

***HOU LEKKER VAKANSIE!***


**INK EN GOM**

**Nuwe Voorrade ontvang van**

| | |
|---|---|
| INDIESE INK—Verskillende Kleure— | 2/3 per botte |
| STEMPEL INK—Verskillende Kleure— | 1/3 „ „ |
| MERK-INK—vir klere— | 1/3 „ „ |
| INK-UITWISSER (Ink Eradicator) per stel van 2 bottels | —2/3 |
| GOM (MUCILAGE) | 8d. per bottel |

BRING BOTTELS SAAM.

**C.S.V.-BOEKHANDEL**

PLEINSTRAAT :: STELLENBOSCH

? ? ? ? ? ? ? ?

*Hou Dop Die Kolom, iets van belang*

*SAL HIER VERSKYN*

**GEBROEDERS DE WET (Eienaars) Bpk.**